**Vrydag 26 Mei**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:31-33**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:31**
**1 x 1 = 1**

Hulle sal een wees. Miskien is die som nie ’n optelsom nie, maar eerder ’n maalsom. Die vrou of man is nie, voor hulle getroud is, halwe mense nie. Ongetroudes is volledig mens, beeld van God en leef ’n bepaalde en unieke roeping uit. Die huwelik is dus nie ½ + ½ =1 nie. Dit is eerder 1 x 1 = 1. Ook as getroudes verloor jy nie jou unieke menswees en identiteit nie; gee dus ook ruimte sodat elkeen steeds uniek kan wees wie hy/sy is, maar dan saam is ons ook ’n huwelikspan wat die wedstryd van die lewe gaan leef.

Wanneer ’n huwelik gesluit word, word ’n nuwe gesin gevorm. Daar is dus ’n verlaat van die ouerhuis as primêre plek van tuiskom, van probleme uitsorteer en besluite neem. Saam met jou huweliksmaat vorm jy ’n nuwe gesin waar jy probleme uitsorteer en besluite neem. Natuurlik is die insette van ouers en familie (en ander medegelowiges) noodsaaklik, maar die plek vir finale besluitneming is nou in die nuutgevormde gesin.

Een word: die woord beteken om jou wortels in iets te sit en te laat vasgroei. Dit beteken om mekaar baie styf vas te hou. Fisiese eenwording van man en vrou in die huwelik is deel daarvan, maar die “een word” hier beteken ook om myself emosioneel, finansieel, in praktiese dinge vas te bind aan die ander persoon. Ek verbind my tot hierdie huwelikspan om, wat ook al die lewe bring, in die Naam van die Here saam te hanteer.

*Sing: Psalm 47-1:1, 4*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*